# Egipte

## met 'n Nylvaart

### 10 tot 19 Mei 2024

Kom saam oop ons tien-dae toer na die hoogtepunte van die magiese

*Egipte.* Die spesiale groepstarief vir hierdie vyfster-toer beloop **R32 990** per persoon.

***Reisplan***

**Dag 1: Vrydag, 10 Mei**

Die groot dag breek uiteindelik aan! Ons ontmoet mekaar by die *OR Tambo Internasionale Lughawe* in Johannesburg en weeg ons bagasie in by ***Ethiopian Airlines*** se inweegtoonbanke. Vlug **ET808** vertrek om **14:25** vanaf Johannesburg en arriveer om **20:40** in Addis Ababa. Aandete word op die vlug bedien. Laataand vertrek ons aansluitingsvlug, **ET452**, om **22:05** vanaf Addis Ababa. Die vlugtyd na Kaïro duur 4 uur en 15 minute.

**Dag 2: Saterdag, 11 Mei**

Ons arriveer om **01:20** in ***Kaïro***, die besige hoofstad van Egipte. Ons toergids, *Mohamed*, verwelkom ons by *Kaïro Internasionale Lughawe* en ons vertrek dadelik per bus na die ***Cairo Pyramids Hotel***, sodat almal nog 'n paar uur se slaap in die hotel kan kry, asook 'n goeie ontbyt, voordat ons toer van die Piramides om **10:00** begin.

Ons besoek die ikoniese **Piramides van Giza**, asook die interessante Papyrus Museum. Geniet middagete (ingesluit by ons toerkoste) en besoek daarna die Nuwe Egiptiese Museum. Daarna vertrek ons terug na die ***Cairo Pyramids Hotel*** vir oornag.





**Dag 3: Sondag, 12 Mei**

Na ontbyt vertrek ons na die godsdienstige gemeenskap in *Old Cairo*, en besoek die Ou Egiptiese Museum *Salah El-Din kasteel*, die *al-Sultan Hassan Moskee* (wat dateer uit 1356) en besoek *Khan el-Khalili* ('n gewilde bazaar in die historiese hartjie van Kaïro) en die besondere *El-Moez straat*, met vrye tyd vir inkopies. Daarna besoek ons die interessante Christelike kerk. Hierna is daar tyd vir 'n heerlike middagete (ingesluit by ons toerkoste) in *Old Cairo*.

Laatmiddag vertrek ons na die lughawe vir ons ***EgyptAir*** vlug vanaf Kaïro na Luxor. Ons bly vanaand oor in die luukse ***Steigenberger Achti Resort*** in Luxor.





**Dag 4: Maandag, 13 Mei**

Na ‘n heerlike ontbyt ontmoet ons toergids ons om 09:00 by die hotel en vertrek ons per bus na die *Temples of Karnak, the largest complex of ancient Egypt dedicated to God Amon the God of Gods* vir besigtiging. Daarna besoek ons ook die besondere Luxor-tempel.

Laatoggend vertrek ons na die Luxor-hawe waar ons aanboord ons luukse Nylvaart-boot gaan. Ons word verwelkom met ‘n heerlike middagete aan boord. Geniet die begin van die vyfster Nylvaart met pragtige uitsigte oor die valleie. Aandete aanboord.






**Dag 5: Dinsdag, 14 Mei**

Na ‘n heerlike ontbyt besoek ons die grootste nekropolis van **Tebes**. Ons besoek ook die *Tombs of the Valley of the Kings*, *Hatshepsut Tempel* en die *colossi van Memnon*.

Daarna vertrek ons terug na ons boot en geniet middagete en ontspan op die boot as ons suidwaarts vanaf Luxor vertrek. Aandete aan boord.






**Dag 6: Woensdag, 15 Mei**

Nog ‘n heerlike ontbyt aan boord om die dag mee te begin. Ons arriveer in **Edfu** waar elkeen met ‘n perdekar vervoer word na die mees bewaarde tempel in Egipte, die *Tempel van Edfu*. Ons vertrek terug na ons boot en vertrek vanaf Edfu al verder suidwaarts op die Nyl na Kom Ombo. Middagete aanboord voordat ons in **Kom Ombo** arriveer. Ons word vervoer na die tempel van Kom Ombo en besoek ook die *Museum of Mummified Crocodiles*.

Terug op ons boot vertrek ons verder na Aswan. Aandete aanboord.







## Dag 7: Donderdag, 16 Mei

Na ontbyt arriveer ons in **Aswan**. Ons besoek die *Tempel van Philae*, wat bekendstaan as "the pearl of temples in Egypt". Dit is geleë op die eiland van **Philae**. Daarna besoek ons die bekende Aswan speserywinkel.

Ons vertrek terug na ons boot vir middagete. Laatmiddag geniet elkeen 'n tradisionele bootrit op 'n *felucca* om die sonsondergang oor die Nyl te geniet. Daarna volg ons laaste aandete aan boord.





## Dag 8 : Vrydag, 17 Mei

'n Laaste ontbyt aanboord! Na ontbyt vertrek ons sak en pak vanaf die boot na die ***Pyramisa Island Hotel***, wat op 'n eiland geleë is. Ons stoor ons bagasie daar vir die oggend en vertrek vanaf die hotel per boot na die interessante ***Nubian Village***, waar ons ook plaaslike versnaperings sal geniet. Daar sal ook vrye tyd wees vir inkopies.

Terug by ons hotel bespreek ons in en het ons vrye tyd om Aswan of die hotel-area te geniet.





## Dag 9: Saterdag, 18 Mei

Na ontbyt het ons 'n laaste dag om Aswan verder te verken of inkopies te doen. Vroegaand vertrek ons met ons bus na die *Aswan Lughawe* vir ons vlug na Kaïro. ***EgyptAir*** vlug MS87 vertrek om **20:20** vanaf Aswan en arriveer om **21:45** in Kaïro Ontspan in die lughawegebou totdat ons aansluitingsvlug vroegoggend vertrek.

## Dag 10: Sondag, 19 Mei

***Ethiopian Airlines*** vlug ET453 vertrek om **02:20** vanaf Kaïro en arriveer om **07:20** in Addis Ababa. Aansluitingsvlug ET809 vertrek om **08:40** vanaf Addis Ababa. Na 'n laaste ete aanboord en 'n wonderlike belewenis van *Egipte* arriveer ons om **13:05** in Johannesburg.

▓▓▓▓▓

## INGESLUIT BY DIE TOERKOSTE:

- ✓ Internasionale en twee binnelandse vlugte met ***Ethiopian Airlines*** en ***Egypt Air*** in die ekonomiese klas vanaf en na Johannesburg.
- ✓ Lughawebelastings en brandstofheffings vir al die vlugte.
- ✓ Luukse busvervoer deurentyd met die dienste van Engelsprekende toergidse.
- ✓ Alle tolgelde, parkeergelde en plaaslike belastings vir die duur van die toer.
- ✓ Verblyf in uitgesoekte vyfster hotelle.
- ✓ Vyfster Nylvaart vir vier nagte vanaf Luxor na Aswan.
- ✓ Alles etes ingesluit soos op reisplan aangedui.
- ✓ Alle besigtiging (met toegangsgelde waar nodig) soos in die reisplan uiteengesit.
- ✓ Die dienste van 'n ervare toerleier deurentyd.

## LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:

- Die voorlopige toerkoste van **R32 990** is gebaseer op lugreisgelde en landreëlingskostes in Julie 2023 en is gebaseer op 'n wisselkoers van $1 = R18,00. Dit is onderhewig aan wisselkoers-veranderings.
- Gelukkig het Suid-Afrikaners vanaf Januarie 2023 nie meer visums nodig om Egipte te besoek nie en dit is dus nie nodig vir enige visum-aansoeke nie.
- Die bybetaling vir diegene wat 'n enkelkamer/kajuit verkies is op aanvraag beskikbaar.
- Groeps-reisversekering van ***TIC Europ Assistance*** is beskikbaar vir alle toerlede onder die ouderdom van 76 jaar teen R300 vir die tien dae (vir diegene bo 75 jaar is daar 'n bybetaling).
- Indien daar probleme met die bespreking van een van die genoemde hotelle mag ontstaan, sal daar van 'n soortgelyke hotel gebruik gemaak word.
- Ten minste 20 passasiers moet deurgaans saamreis.
- 'n Deposito van **R9 500** (aangesien vlugkaartjies met bespreking vereffen moet word) moet so gou as moontlik vereffen word om 'n plek op die toer te verseker.
- Die balans van die reisgeld moet **voor 9 Maart 2024** vereffen word.
- Kredietkaartbetalings word ongelukkig nie aanvaar nie.

## HOE OM TE BESPREEK:

Voltooi die besprekingsvorm en vrywaringsvorm en e-pos dit aan info@vandyktours.co.za.

Deposito's moet inbetaal word op (of oorgeplaas word na) die volgende rekening by

Nedbank: 119 1533 964 Tak: *George* Takkode: 198 765

Rekeninghouer: *Van Dyk Travel* Tipe rekening: Lopende/Besigheids Verwysing: EGIPTE/ en u van

Kontak die toerleier, ***Renhard van Dyk***, vir enige verdere navrae:

*Tel nr:* 082 767 8400 *Faks nr:* 086 733 8987 *E-pos:* info@vandyktours.co.za

VAN DYK TOERE

INNOVERENDE KWALITEIT SEDERT 1995